- (b) If in the opinion of the Administrator-General a governing body fails to fill suitably within a reasonable period a post on the establishment at the centre in question, and such failure, in the opinion of the Administrator-General, is prejudicial to such centre, the Administrator-General may appoint a person to such post, and such appointment shall be deemed to have been made by the governing body in question in terms of paragraph (a).
- (4) The salaries, salary scales and allowances of persons employed at a state-aided training centre shall be determined by the Administrator-General, and the leave privileges and other conditions of service of such persons shall be prescribed.
- (5) The conditions and circumstances under which persons employed at a state-aided training centre can be compelled to become and remain members of a medical

'n mediese hulpfonds of mediese hulpvereniging wat deur die Kommissie kragtens die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), erken word as 'n instelling waarvan beampies en werknemers in die staatsdiens verplig is of kan word om lede te word en te bly, word voorgeskryf.

Toepassing van artikel 7 onder sekere omstandighede op beampies en werknemers by staatsondersteunde opleidingsentrum

19. Die bepalings van artikel 7 is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n beampte of werknemer in diens by 'n staatsondersteunde opleidingsentrum indien die Administrateur-generaal 'n subsidie ten opsigte van die hele salaris van so 'n beampte of werknemer ingevolge artikel 13(1) betaal.

Verrigting van ander werk deur beampies en werknemers

20. (1) Tensy in sy diensvoorwaardes anders bepaal word —

- (a) moet 'n beampte of werknemer al sy tyd ter beschikking stel van die opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum waar hy in diens is;
- (b) mag 'n beampte of werknemer nie sonder die toestemming, in die geval van 'n opleidingsentrum, van die Sekretaris, of, in die geval van 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, van die bestuursliggaam van die betrokke sentrum, na gelang van die geval, besoldigde werk buite sy werk in die diens van so 'n sentrum verrig of hom verbind om dit te verrig nie; en
- (c) kan geen beampte of werknemer regtens aanspraak maak op bykomende betaling ten opsigte van enige amptelike diens of werk wat hy deur 'n bevoegde owerheid aangesê word om te verrig nie.

(2) Die Sekretaris, die hoof van 'n opleidingsentrum of 'n bestuursliggaam kan 'n beampte of werknemer onder sy beheer aansê om tydelik ander pligte te verrig as die wat gewoonlik aan so 'n beampte of werknemer opgedra word, of wat by die graad, benaming of indeling van sy pos pas.

(3) Besoldiging of 'n toelae wat 'n beampte of werknemer ontvang anders as ooreenkomsdig die bepalings van hierdie Proklamasie of die een of ander wet, of 'n goedkeuring, in die geval van 'n opleidingsentrum, van die Sekretaris, of, in die geval van 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, van die bestuursliggaam van die betrokke sentrum, na gelang van die geval, om die geheel of 'n gedeelte daarvan te behou, moet deur so 'n beampte of werknemer in die Suidwes-Afrikarekening van die Staatsinkomstefonds gestort word, en as hy versium om dit te doen, word dit deur die

aid fund or medical aid society recognized by the Commission under the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957), as an institution of which officers and employees in the public service are or may be compelled to become and remain members, shall be prescribed.

Application of section 7 in certain circumstances to officers and employees at state-aided training centres

19. The provisions of section 7 shall apply *mutatis mutandis* to an officer or employee who is employed at a state-aided training centre, if the Administrator-General pays a subsidy in respect of the whole of the salary of such person in terms of section 13(1).

Performance of other work by officers and employees

20. (1) Unless it is otherwise provided in his conditions of service —

- (a) an officer or employee shall place the whole of his time at the disposal of the training centre or state-aided training centre at which he is employed;
- (b) no officer or employee shall perform or engage himself to perform remunerative work outside his employment at such centre without the permission, in the case of a training centre, of the Secretary, or, in the case of a state-aided training centre, of the governing body of the centre in question, as the case may be;
- (c) no officer or employee may claim as of right additional remuneration in respect of any official duty or work which he is required by competent authority to perform.

(2) The Secretary, the principal of a training centre, or a governing body may require any officer or employee under his or its control temporarily to perform duties other than those ordinarily assigned to such officer or employee, or appropriate to the grade, designation or classification of his post.

(3) Any remuneration or allowance received by an officer or employee otherwise than in accordance with the provisions of this Proclamation, or any other law, or an approval, in the case of a training centre, of the Secretary, or, in the case of a state-aided training centre, of the governing body of the centre in question, as the case may be, for the retention of the whole or a portion thereof, shall be paid by such officer or employee into the South West Africa Account of the State Revenue Fund, and if he fails to do so, it shall be recovered from him by the Treasury by legal proceedings or in such

Tesourie deur middel van geregtelike stappe of op die ander wyse wat die Tesourie goedvind, op hom verhaal en in daardie fonds gestort.

Ontslag van beampies

21. (1) 'n Beampte kan, in die geval van 'n opleidingsentrum deur die Minister, of, in die geval van 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, deur die bestuursliggaam, na gelang van die geval, ontslaan word —

- (a) weens voortdurende swak gesondheid;
- (b) weens die afskaffing van sy pos of vermindering of reorganisasie of herreeëling van die personeel van 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum;
- (c) indien, om ander redes as sy eie ongeskiktheid of onvermoë, sy ontslag doeltreffendheid of besparing in die opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum waar hy in diens is, sal bevorder;
- (d) weens wangedrag;
- (e) weens ongeskiktheid vir sy pligte of onvermoë om hulle op bekwame wyse uit te voer;
- (f) indien, in die geval van 'n beampte wat op proef aangestel is, sy aanstelling nie bekratig word nie; en
- (g) in die geval van 'n vroulike beampte, weens haar huwelik.

(2) 'n Beampte wat, in die geval van 'n opleidingsentrum sonder toestemming van die Sekretaris of 'n ander persoon wat bevoeg is om afwesigheidsverlof toe te staan, of, in die geval van 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, sonder die verlof van die bestuursliggaam, na gelang van die geval, vir 'n tydperk van meer as 'n maand van sy ampspligte wegblei, word geag weens wangedrag uit sy diens ontslaan te wees met ingang van die dag wat onmiddellik volg op die laaste dag waarop hy op sy plek van diens teenwoordig was : Met dien verstande dat indien so 'n beampte ander werk aanvaar, hy geag word ontslaan te wees soos voormeld, nie teenstaande dat bedoelde tydperk nog nie verstryk het nie : Met dien verstande voorts dat indien so 'n beampte hom te eniger tyd na die verstryking van bedoelde tydperk vir diens aanmeld, hy onderworpe aan die goedkeuring, in die geval van 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, van die Administrateur-generaal, of, in die geval van 'n opleidingsentrum, van die Minister, na gelang van die geval, in sy vorige of 'n ander pos of betrekking in die diens van die Departement of die betrokke bestuursliggaam, na gelang van die geval, herstel kan word op die voorwaardes wat die Administrateur-generaal of die Minister, na gelang van

other manner as the Treasury may think fit, and be paid into that Account.

Discharge of officers

21. (1) Any officer may be discharged, in the case of a training centre, by the Minister, or, in the case of a state-aided training centre, by the governing body, as the case may be —

- (a) on account of continued ill-health;
- (b) owing to the abolition of his post or any reduction in or reorganization or readjustment of the staff of a training centre or state-aided training centre;
- (c) if, for reasons other than his own unfitness or incapacity, his discharge will promote efficiency or economy in the training centre or state-aided training centre at which he is employed;
- (d) on account of misconduct;
- (e) on account of unfitness for his duties, or incapacity to carry them out efficiently;
- (f) if, in the case of an officer appointed on probation, his appointment is not confirmed; and
- (g) in the case of a female officer, on account of her marriage.

(2) An officer, who absents himself from his official duties for a period exceeding one month without the permission, in the case of a training centre, of the Secretary or any other person competent to grant leave of absence, or, in the case of a state-aided training centre, of the governing body, as the case may be, shall be deemed to have been discharged from his employment on account of misconduct with effect from the date immediately succeeding the last day on which he was in attendance at his place of duty : Provided that if such officer assumes other employment he shall be deemed to have been discharged as aforesaid notwithstanding the said period has not yet expired : Provided further that if such officer reports for duty at any time after the expiry of the said period, he may, subject to the approval, in the case of a state-aided training centre, of the Administrator-General, or, in the case of a training centre, of the Minister, as the case may be, be reinstated in his former or any other post or appointment in the service of the Department or the governing body in question, as the case may be, on such conditions as the Administrator-General, or the Minister, as the case may be, may determine, and in that event the period of his absence from his official duties shall be deemed to be

die geval, bepaal, en in so 'n geval word die tydperk van sy afwesigheid van sy amspeligte geag afwesigheid met vakansieverlof sonder betaling, of verlof op die ander voorwaardes wat die Administrateur-generaal of die Minister, na gelang van die geval, bepaal, te wees.

Toepassing van artikels 9, 10, 11 en 12 op beampies by staatsondersteunde opleidingsentrum

22. Die bepalings van artikels 9 tot en met 12 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n beampte in diens by 'n staatsondersteunde opleidingsentrum : Met dien verstande dat die bevoegdhede wat kragtens gemelde bepalings by die Minister en die Sekretaris berus, by sodanige toepassing onderskeidelik by die Administrateur-generaal en die betrokke bestuursliggaam berus en wat, in die geval van die bestuursliggaam, so 'n bevoegdheid deur middel van sy voorsitter uitoefen : Met dien verstande voorts dat die verwysing in artikel 9(b) na 'n daad wat nadelig is, en in artikel 9(q) na die afle van 'n verklaring met die oog op die veroorsaking van nadeel of skade, by sodanige toepassing geag word 'n verwysing te wees na 'n daad wat nadelig is of, na gelang van die geval, die aflegging van 'n verklaring wat nadeel of skade kan veroorsaak, slegs vir of aan die betrokke bestuursliggaam of sentrum.

Inspeksies

23. Die Sekretaris of iemand deur hom daartoe gemagtig, kan te eniger tyd 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum inspekteer met betrekking tot enige aangeleenthed betreffende —

- (a) die administrasie en tug;
- (b) die toelating van geestelik vertraagde kinders en die opleiding wat verskaf word;
- (c) die behoefte aan personeel;
- (d) die uitrusting, voorrade en finansies,

en in die algemeen, met betrekking tot die ander aangeleenthede wat die Sekretaris nodig of dienstig ag.

Opleidingsprogramme

24. (1) Die Administrateur-generaal kan 'n opleidingsprogram vir die opleiding van geestelik vertraagde kinders by 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum instel of afskaf.

- (2) (a) Die Administrateur-generaal bepaal die voorwaardes betreffende toelating tot 'n opleidingsprogram bedoel in subartikel (1), en die toets, by wyse van inspeksie of andersins, van die doelmanigheid van die opleiding wat volgens so 'n program verskaf word.

absence on leave without pay, or leave on such other conditions as the Administrator-General or the Minister, as the case may be, may determine.

Application of sections 9, 10, 11 and 12 to officers at state-aided training centres

22. The provisions of sections 9 to 12 inclusive shall apply *mutatis mutandis* to an officer employed at a state-aided training centre : Provided that the powers vested in the Minister and the Secretary under the said provisions shall in such application vest in the Administrator-General and the governing body in question, respectively, and such powers shall, in the case of the governing body, be exercised by it through its chairman : Provided further that the reference in section 9(b) to any act which is prejudicial, and in section 9(q) to the making of a statement with a view to causing prejudice or injury, shall in such application be deemed to be a reference to any act which is prejudicial, or, as the case may be, to the making of a statement which may cause prejudice or injury, only to the governing body or centre concerned.

Inspections

23. The Secretary or a person authorized thereto by him may at any time inspect a training centre or state-aided training centre in regard to any matter relating to —

- (a) the administration and discipline;
- (b) the admission of mentally retarded children and the training provided;
- (c) requirements as to staff;
- (d) equipment, stores and finances,

and generally in regard to such other matters as the Secretary may deem necessary or expedient.

Training programmes

24. (1) The Administrator-General may establish or disestablish a training programme for the training of mentally retarded children at a training centre or state-aided training centre.

- (2) (a) The Administrator-General shall determine the conditions relating to the admission to a training programme referred to in subsection (1), and the testing, by means of inspection or otherwise, of the efficacy of the training provided under such programme.

(b) Die voorwaardes bedoel in paragraaf (a) kan tot een of meer opleidingsprogramme beperk word, en die Administrateur-generaal kan verskillende voorwaardes vir verskillende opleidingsprogramme bepaal.

Toelating tot opleidingsentru ms en staatsondersteunde opleidingsentru ms, en intrekking daarvan

25. (1) Die Sekretaris bepaal van tyd tot tyd die voorwaardes van toelating van 'n geestelik vertraagde kind tot 'n opleidingsentrum of 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, en verskillende voorwaardes kan aldus ten opsigte van verskillende sodanige sentrums bepaal word.

(2) Die Sekretaris kan die toelating van 'n geestelik vertraagde kind tot 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum weier, of 'n toelating wat verleen is, intrek.

Bevoegdhede van Sekretaris met betrekking tot geestelik vertraagde kinders wat nie opleiding ondergaan nie

26. (1) Die Sekretaris kan 'n kind wat nie 'n opleidingsentrum, staatsondersteunde opleidingsentrum of 'n private opleidingsentrum wat ingevolge artikel 33 geregistreer is, bywoon nie en wat, na hy vermoed, 'n geestelik vertraagde kind is, laat ondersoek om te bepaal of hy 'n geestelik vertraagde kind is.

(2) Die Sekretaris kan die ouer van so 'n kind opdrag gee om die kind vir die doeleindes van so 'n ondersoek na 'n bepaalde plek te bring.

(3) Indien die Sekretaris na so 'n ondersoek bevind dat die kind 'n geestelik vertraagde kind is, stel hy die ouer in kennis —

(a) dat hy bevind dat die kind 'n geestelik vertraagde kind is en opleiding behoort te ontvang;

(b) dat die ouer binne dertig dae vanaf die datum van die kennisgewing teen die bevinding na die Administrateur-generaal kan appelleer, en dat die beslissing van die Administrateur-generaal by die appèl afdoende is.

(4) Die Sekretaris kan, tensy sy bevinding in subartikel (3) vermeld op appèl ter syde gestel is, of die betrokke ouer binne die tydperk wat die Sekretaris bepaal het, die stappe gedoen het wat die Sekretaris bepaal het om opleiding vir die betrokke kind te laat verskaf, na oorlegpleging met die ouer bepaal na watter opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum die kind gestuur moet word.

(5) Indien die Sekretaris 'n bepaling ingevolge subartikel (4) gedoen het, en die ouer versium om die kind na die betrokke opleidingsentrum of staatsondersteunde

(b) The conditions referred to in paragraph (a) may be limited to one or more training programmes, and the Administrator-General may determine different conditions for different training programmes.

Admission to training centres and state-aided training centres, and withdrawal thereof

25. (1) The conditions of admission of a mentally retarded child to a training centre or a state-aided training centre shall from time to time be determined by the Secretary, who may determine different conditions in respect of different centres.

(2) The Secretary may refuse the admission of a mentally retarded child to a training centre or state-aided training centre, or withdraw any admission which has been granted.

Powers of Secretary in relation to mentally retarded children who do not receive training

26. (1) The Secretary may cause a child who does not attend a training centre, a state-aided training centre or a private training centre registered in terms of section 33, and whom he suspects of being a mentally retarded child, to be examined in order to determine whether he is a mentally retarded child.

(2) The Secretary may instruct a parent of such child to bring the child for the purposes of such examination to a specified place.

(3) If the Secretary after such examination finds that the child is a mentally retarded child he shall notify the parent —

(a) that he has found that the child is a mentally retarded child and should receive training;

(b) that the parent may within thirty days of the date of the notification appeal to the Administrator-General against such finding, and the decision of the Administrator-General on such appeal is final.

(4) The Secretary may, unless his finding mentioned in subsection (3) is set aside on appeal or the parent concerned has, within the period determined by the Secretary, taken such steps as determined by the Secretary, to cause training to be provided to such child, determine, after consultation with the parent, to which training centre or state-aided training centre the child is to be sent.

(5) If the Secretary has made a determination in terms of subsection (4) and the parent fails to send the child to the training centre or state-aided training centre

opleidingsentrum te stuur binne die tydperk wat die Sekretaris bepaal, kan die Sekretaris die kind na die betrokke sentrum laat neem.

Vrywillige bywoning deur sekere kinders van opleidingsentrums of staatsondersteunde opleidingsentrums

27. (1) Die Sekretaris kan op versoek van 'n ouer of iemand anders in wie se sorg 'n kind is, goedkeur dat so 'n kind, indien hy na die oordeel van die Sekretaris 'n geestelik vertraagde kind is, vrywillig tot 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum toegelaat word.

(2) Ondanks die bepalings van hierdie Proklamasie kan die Sekretaris op versoek van 'n ouer of iemand anders in wie se sorg 'n kind onder die ouderdom van ses jaar is, goedkeur dat die kind vrywillig tot 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum toegelaat word, indien so 'n toelating na die oordeel van die Sekretaris geregtig is.

Vrystelling van bywoning en ontslag van sekere kinders deur Sekretaris

28. Indien die Sekretaris van oordeel is dat dit nie meer noodsaaklik of wenslik is dat 'n kind bedoel in artikel 26 of 27 wat 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum bywoon, langer sodanige sentrum bywoon nie, kan hy daardie kind van bywoning van die betrokke sentrum vrystel, of uit die betrokke sentrum ontslaan.

Bevoegdhede van kinderhof en Sekretaris ten opsigte van sekere kinders

29. (1) 'n Kinderhof kan in die geval van 'n kind ten opsigte waarvan hy 'n bevel ingevolge artikel 31(1) van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), uitgereik het, gelas dat die geval na die Sekretaris verwys word om te bepaal of die kind 'n geestelik vertraagde kind is.

(2) Indien die Sekretaris bepaal dat die kind 'n geestelik vertraagde kind is, kan hy gelas dat die kind in 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum opgeneem word vir die tydperke waarin opleiding daarin verskaf word.

Bywoning van opleidingsentrums of staatsondersteunde opleidingsentrums deur persone ouer as 18 jaar

30. Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Proklamasie, mag 'n Kleurling, Baster of Nama wat na die oordeel van die Sekretaris 'n geestelik vertraagde persoon is, 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum bywoon nadat hy die ouderdom van agtien jaar bereik het : Met dien verstande dat niemand sonder die goedkeuring van die Sekretaris sodanige sentrum mag bywoon na die einde van die kalenderjaar

in question within a period fixed by the Secretary, the Secretary may cause the child to be taken to such centre.

Voluntary attendance of training centres or state-aided training centres by certain children

27. (1) The Secretary may at the request of a parent or any other person in whose care the child is, approve of a child who, in his opinion, is a mentally retarded child, being admitted voluntarily to a training centre or state-aided training centre.

(2) Notwithstanding the provisions of this Proclamation, the Secretary may, at the request of a parent or any other person in whose care a child under the age of six years is, approve of the voluntary admission of such child to a training centre or state-aided training centre, if it is justified in his opinion.

Exemption from attendance and discharge of certain children by Secretary

28. If the Secretary is of the opinion that it is no longer necessary or desirable for a child referred to in section 26 or 27 who attends a training centre or state-aided training centre, further to attend such centre, he may exempt that child from attending the centre in question, or discharge such child from that centre.

Powers of children's court and Secretary in respect of certain children

29. (1) A children's court may in the case of a child in respect of whom it has made an order in terms of section 31(1) of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), order that the case be referred to the Secretary to determine whether the child is a mentally retarded child.

(2) If the Secretary determines that the child is a mentally retarded child he may direct that the child is admitted to a training centre or state-aided training centre for the periods during which training is provided thereat.

Attendance of training centres or state-aided training centres by persons over the age of 18 years

30. Notwithstanding anything to the contrary in this Proclamation contained, a Coloured, Baster or Nama who in the opinion of the Secretary is a mentally retarded person, may attend a training centre or state-aided training centre after having attained the age of eighteen years : Provided that no person shall without the approval of the Secretary attend such centre after the end

waarin hy die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik het nie.

Oorplasing van een sentrum na 'n ander

31. Die Sekretaris kan na oorlegpleging met die betrokke ouer, 'n kind wat 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum bywoon na 'n ander opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum oorplaas.

Ongevallewet, 1941, nie van toepassing op kinders wat opleiding ondergaan nie

32. Geen geestelik vertraagde kind aan 'n opleidingsentrum of 'n staatsondersteunde opleidingsentrum word by die toepassing van die bepalings van die Ongevallewet, 1941 (Wet 30 van 1941), geag 'n werksman of ander persoon wat op betaling van skadeloosstelling of 'n ander geldelike voordeel uit hoofde daarvan geregtig is, te wees nie.

Registrasie en inspeksie van private opleidingsentrums, en intrekking van registrasie

33. (1) Niemand mag, by 'n ander sentrum as 'n opleidingsentrum of 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, opleiding aan geestelik vertraagde kinders verskaf nie tensy so 'n sentrum deur die Departement as 'n private opleidingsentrum geregistreer is.

(2) Die registrasie van 'n private opleidingsentrum geskied na goeddunke van die Administrateur-generaal en onderworpe aan die voorwaardes wat die Administrateur-generaal van tyd tot tyd bepaal : Met dien verstande dat by die bepaling van voorwaardes met betrekking tot bybelonderrig by so 'n sentrum, die geloofsoortuiging van die ouers en die kinders in aanmerking geneem moet word.

(3) Die Sekretaris kan te eniger tyd 'n geregistreerde private opleidingsentrum laat inspekteer deur iemand deur hom daartoe gemagtig.

(4) Die Administrateur-generaal kan te eniger tyd, indien, na dit hom voorkom die voorwaardes waarop 'n private opleidingsentrum geregistreer is, nie nagekom word nie, die registrasie van daardie sentrum intrek vanaf 'n datum deur hom bepaal.

Finansiële en ander hulp aan sekere geestelik vertraagde kinders

34. Die Administrateur-generaal kan uit geld wat hy vir die doel bewillig het, en op die grondslag en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, finansiële of ander materiële hulp of finansiële sowel as materiële hulp verleen aan 'n geestelik vertraagde kind aan 'n opleidingsentrum, staatsondersteunde opleidingsentrum of private opleidingsentrum.

of the calender year in which he attains the age of twenty-one years.

Transfer from one centre to another

31. The Secretary may, after consultation with the parent concerned, transfer a child attending a training centre or state-aided training centre to any other training centre or state-aided training centre.

Non-application of Workmen's Compensation Act, 1941, to children receiving training

32. No mentally retarded child at a training centre or state-aided training centre shall, for the purposes of the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act 30 of 1941), be deemed to be a workman or other person entitled to payment of compensation or any other financial benefit thereunder.

Registration and inspection of private training centres, and cancellation of registration

3. (1) No person shall provide training to mentally retarded children at a centre other than a training centre or a state-aided training centre, unless such centre has been registered by the Department as a private training centre.

(2) The registration of a private training centre shall be in the discretion of the Administrator-General and subject to the conditions as the Administrator-General may from time to time determine : Provided that in imposing conditions relating to religious instruction at such a centre, the religious convictions of the parents and the children shall be taken into consideration.

(3) The Secretary may at any time cause a private training centre to be inspected by a person authorized thereto by him.

(4) If at any time it appears to the Administrator-General that the conditions subject to which a private training centre was registered are not being complied with, the Administrator-General may withdraw the registration of that centre from a date determined by him.

Financial and other assistance to certain mentally retarded children

34. The Administrator-General may out of moneys appropriated by him for the purpose and on such basis and subject to such conditions as he may determine, grant financial or other material assistance or both financial and other material assistance to a mentally retarded child at a training centre, state-aided training centre or private training centre.

Delegering van bevoegdhede van Administrateur-generaal en Minister

35. (1) Die bepalings van artikel 4 van die Proklamasie op die Oordrag van Uitvoerende Gesag (Algemene Bepalings), 1977 (Proklamasie AG. 7 van 1977), is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot die bevoegdhede wat kragtens hierdie Proklamasie aan die Administrateur-generaal verleen word.

- (2) (a) Die Minister kan 'n bevoegdheid wat kragtens hierdie Proklamasie aan hom verleen word, behalwe 'n bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, aan die Sekretaris of 'n beampete in die Departement deleger.
- (b) Die Minister word nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat hy deleer het nie, en kan 'n beslissing deur die Sekretaris of daardie beampete by die uitoefening van daardie bevoegdheid gegee, wysig of intrek.

Strafbepalings

36. (1) Iemand wat —

- (a) opleiding aan geestelik vertraagde kinders verskaf anders as by 'n opleidingsentrum, 'n staatsondersteunde opleidingsentrum, of 'n private opleidingsentrum geregistreer ingevolge artikel 33;
- (b) 'n persoon wat 'n private opleidingsentrum geregistreer ingevolge artikel 33, inspekteer, by die uitvoering van sy pligte belemmer of hinder,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande.

(2) Iemand wat 'n kind bedoel in artikel 26 of 27 wat nie ingevolge hierdie Proklamasie van bywoning van die betrokke opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum vrygestel of daaruit ontslaan is nie, uit so 'n sentrum verwyder, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Regulasies

37. (1) Die Administrateur-generaal of, vir sover dit betrekking het op beampetes of werknemers in diens van die Departement of 'n opleidingsentrum, die Minister, kan regulasies uitvaardig betreffende —

- (a) die oprigting, instandhouding, bestuur, beheer, en intrekking van die instelling, van opleidingsentrum;

Delegation of powers of Administrator-General and Minister

35. (1) The provisions of section 4 of the Executive Powers (General Provisions) Transfer Proclamation, 1977 (Proclamation AG. 7 of 1977), shall apply *mutatis mutandis* in relation to the powers conferred upon the Administrator-General under this Proclamation.

- (2) (a) The Minister may delegate to the Secretary or any officer in the Department a power other than a power to make regulations, which is conferred upon him under this Proclamation.
- (b) The Minister shall not be deprived of a power delegated by him, and may alter or withdraw any decision given by the Secretary or that officer in the exercise of that power.

Penal provisions

36. (1) Any person who —

- (a) provides training to mentally retarded children otherwise than at a training centre, a state-aided training centre, or a private training centre registered in terms of section 33;
- (b) obstructs or hinders a person who inspects a private training centre registered in terms of section 33, in the execution of his duties,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding twelve months.

(2) Any person who removes from a training centre or state-aided training centre in question a child referred to in section 26 or 27 who has not in terms of this Proclamation been exempted from attending or been discharged from such centre, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand or to imprisonment for a period not exceeding three months.

Regulations

37. (1) The Administrator-General or, in so far as it relates to officers and employees employed by the Department or a training centre, the Minister, may make regulations relating to —

- (a) the erection, maintenance, management, control, and disestablishment of training centres;

- (b) die werkzaamhede, bevoegdhede en pligte van bestuursliggame;
- (c) die aanstelling, oorplasing, ontslag, tug, gedrag, bevoegdhede, pligte, verlofvoordele en ander diensvooraardes (met inbegrip van voorwaardes betreffende die bewoning van amptelike kwartiere) van beampies en werknemers;
- (d) die beheer en tug van geestelik vertraagde kinders terwyl hulle opleiding ondergaan aan opleidingsentrum, staatsondersteunde opleidingsentrum en private opleidingsentrum;
- (e) die omstandighede waaronder geneeskundige ondersoeke by die toepassing van 'n bepaling van hierdie Proklamasie vereis word;
- (f) behoudens die bepalings van subartikel (3), die medium van onderrig en opleiding en bybelonderrig by opleidingsentrum, staatsondersteunde opleidingsentrum en private opleidingsentrum;
- (g) enige aangeleenthed wat kragtens hierdie Proklamasie voorgeskryf kan of moet word;
- (h) in die algemeen, alle aangeleenthede ten opsigte waarvan hy dit nodig of dienstig ag om regulasies uit te vaardig ten einde die oogmerke van hierdie Proklamasie te verwesenlik.

(2) Verskillende regulasies kan ingevolge subartikel (1) ten opsigte van opleidingsentrum, staatsondersteunde opleidingsentrum en private opleidingsentrum uitgevaardig word.

(3) Die regulasies kragtens paragraaf (f) van subartikel (1) ontnem nie 'n ouer die reg om finaal te besluit oor die medium van onderrig van 'n kind van so 'n ouer waar daar twyfel oor die huistaal van so 'n kind bestaan nie.

(4) Die regulasies kan voorsiening maak vir strawwe ten aansien van 'n oortreding daarvan of versuim om daarvan te voldoen, wat 'n boete van vyftig rand of gevengenisstraf vir 'n tydperk van drie maande nie te boewe gaan nie.

Kort titel en inwerkingtreding

38. (1) Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Opleiding vir Geestelik Vertraagde Kleurling-, Baster- en Namakinders, 1978, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

- (b) the functions, powers and duties of governing bodies;
- (c) the appointment, transfer, discharge, discipline, conduct, powers, duties, leave privileges and other conditions of service (including conditions relating to the occupation of official quarters) of officers and employees;
- (d) the control and discipline of mentally retarded children receiving training at training centres, state-aided training centres and private training centres;
- (e) the circumstances in which medical examinations are required for the purposes of any provision of this Proclamation;
- (f) subject to the provisions of subsection (3), the medium of instruction and training and religious instruction at training centres, state-aided training centres and private training centres;
- (g) any matter which under this Proclamation is required or permitted to be prescribed;
- (h) generally, all matters in respect of which he considers it necessary or expedient to make regulations in order that the objects of this Proclamation may be achieved.

(2) Different regulations may under subsection (1) be made in respect of training centres, state-aided training centres and private training centres.

(3) The regulations under paragraph (f) of subsection (1) shall not deprive any parent of the right of final decision regarding the medium of instruction of a child of such parent where any doubt exists as to the home language of such child.

(4) The regulations may provide for penalties in respect of any contravention thereof or failure to comply therewith, not exceeding a fine of fifty rand or imprisonment for a period not exceeding three months.

Short title and commencement

38. (1) This Proclamation shall be called the Mentally Retarded Coloured, Baster and Nama Children's Training Proclamation, 1978, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette*.

(2) Verskillende datums kan aldus bepaal word ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Proklamasie.

(2) Different dates may be so fixed in respect of different provisions of this Proclamation.